Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR**

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

## VAK: DRAMATIESE KUNSTE

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 17 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word 15 minute toegeken om die vraestel deur te lees voor die aanvang van die eksamen.

2. Die vraestel bestaan uit drie afdelings: AFDELING A (60 PUNTE) LU3; AFDELING B (30 PUNTE) LU3; AFDELING C (60 PUNTE) LU1 en LU4.

3. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat op LU3 fokus:

   Vraag 1: Epiese Teater (*Kryt Sirkel; Moeder Moed; Kanna Hy Ko Hystoe*)

   Vraag 2: Absurde Teater (*Wag vir Godot; Die Kaalkop Primadonna*)

   Beantwoord slegs EEN vraag van AFDELING A.

4. AFDELING B bestaan uit SES vrae. Beantwoord EEN vraag.

   Vraag 3 (*Boesman en Lena*)

   Vraag 4 (*Woza Albert!*)

   Vraag 5 (*Sophiatown*)

   Vraag 6 (*Nothing but the Truth*)

   Vraag 7 (*Siener in die Suburbs*)

   Vraag 8 (*Mis*)

5. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae.

   Vraag 9 en 10 is verpligtend.

   Vraag 11 laat 'n keuse tussen drie vrae – 11.1(Lewende Optrede), OF 11.2 (Film Studies) OF 11.3 (Inheemse/Kulturele Opvoerings).

6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel gebruik in die vraestel.

7. Lees die vrae noukeurig.

8. Let op na die punte toekennings.

## AFDELING A: ANALISEER EN VERSTAAN

## BEANTWOORD EEN VRAAG (60 PUNTE)

## VRAAG 1: EPIESE TEATER

HIERDIE VRAAG VERWYS NA *KRYT SIRKEL, MOEDER MOED EN KANNA HY Kô HYSTOE*

1.1 *" 'n Tydlose drama het universele* kwaliteite relevant vir alle ouderdomme."*
*Sam Smiley*

* universeel = wêreldwyd

Deur verwysing na en benoeming van DRIE karakters in die Epiese drama wat jy bestudeer het:

Bespreek die universele temas, die relevansie van die universele temas van die drama, die geskikheid van die titel van die toneelstuk, die verteltegniek geïmplementeer en die Epiese Teater konvensies waarna verwys word in die bostaande uittreksel. Jou opstel moet ongeveer 200 – 250 woorde in lengte wees. (20 x 2) (40)

1.2 Kies 'n beskrywing van KOLOM B wat pas by die term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – K) langs die vraagnommer neer. (1.2.1 – 1.2.10).

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Epies | A | Gevries "Stil" foto van 'n groep |
| 1.2.2 | Tablo's | B | Werk saam as 'n groep |
| 1.2.3 | *lehrstukke* | C | Onderrig/didaktiese dramas |
| 1.2.4 | agitprop | D | Drama geplaas in die verre verlede |
| 1.2.5 | ensemble | E | Teenstrydige stelling |
| 1.2.6 | montage | F | Vertelling ongebonde aan tyd |
| 1.2.7 | pasifis | G | Teen oorlog en geweld |
| 1.2.8 | satire | H | Maak 'n grap en bespotting van die in magsposisies |
| 1.2.9 | paradoks | I | Onafhanklike insidente wat onreëlmatighede verbind |
| 1.2.10 | historifikasie | J | Dubbele mening |
| | | K | Ver linkse oproerigheid en propaganda |

(10 x 2) (20)
**[60]**

## VRAAG 2: ABSURDE TEATER

DIE VRAAG VERWYS NA *WAG VIR GODOT* OF *DIE KAALKOP PRIMA DONNA* OF *BAGASIE*



*"Die definiërende filosofie van die teater van Absurde is eksistensialisme.*

*Die hoof oorweging van eksistensialistiese filosofie is die betekenis van bestaan wat as onlogies beskou word, doelloos irrelevant en wreed."*

[*OBE – FET NCS Uitgawe* ]

2.1 Bestudeer die foto en die uittreksel bo. Bespreek in opstelvorm die Absurde drama wat jy dié jaar bestudeer het.

Motiveer af die bostaande uittreksel waar of vals is met verwysing na die hoof oorwegings van eksistensialisme.

Die opstel moet ongeveer 200 – 250 woorde in lengte wees. (20 x 2) (40)

2.2 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat pas by die in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die nommer neer van die vraag (2.2.1 – 2.2.5).

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Satire | A | God is dood |
| 2.2.2 | *Bagasie* | B | Man is verdoem om vry te wees |
| 2.2.3 | Ionesco | C | *Wag vir Godot* |
| 2.2.4 | Beckett | D | *Die Koning Sterf* |
| 2.2.5 | Frederick Nietzsche | E | André P. Brink |

(5 x 2) (10)

2.3 Noem die kenmerke wat Absurde Teater definieer. (10)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: ANALISEER EN VERSTAAN

## BEATWOORD SLEGS EEN VRAAG VAN DIE AFDELING (30 PUNTE)

## VRAAG 3

## *BOESMAN EN LENA* — ATHOL FUGARD

Lees die volgende lyne wat Lena sê en beantwoord die vrae wat volg:

> *"Dit het nooit so lank gevoel nie. Die pad kom nooit tot 'n end, en ek is steeds daar buite aan die loop."*
>
> *"Ek ontmoet die herinnering van myself op die ou paaie. Soms jonk. Soms oud. Kom of gaan sy?"*
>
> *"Die regte tyd op die verkeerde pad, die regte pad na die verkeerde plek."*

3.1 Verskaf DRIE redes waarom Lena so ingestel is om te weet waar sy is. (3 x 2) (6)

3.2 Wat bedoel Lena as sy sê sy voel of sy *"steeds loop"*? (2)

3.3 *"Ek ontmoed die herinnering van myself"*

Wat sê dit van Lena se lewe? (2)

3.4 *"Die regte tyd die verkeerde pad, die regte pad na die verkeerde plek"*

In 'n paragraaf van ± 80 – 100 woorde verduidelik wat Lena hierby bedoel. Ondersoek die subteks om te **analiseer** wat sy eindelik sê. (10)

3.5

> *"Ons is nie meer mense , vryheid is nie vir ons."*
> *"Ek wil niks hê nie. Dis jou groot woord? Vryheid! Vanaand is dit vryheid vir Lena."*

Lena is die stem van baie mense wat geleef het onder die apartheidsregering in Suid-Afrika.

3.5.1 Gee TWEE redes hoekom sy voel, *"Ons is nie meer mense."* (2)

3.5.2 Hoekom voel sy *"vryheid"* is nie vir haar of Boesman nie? (2)

3.5.3 Wat bedoel sy regtig as sy sê: *"Ek wil niks hê nie"*? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

3.5.4 Kry Lena haar vryheid as sy sê: *"Vanaand is dit vryheid vir Lena."* Motiveer jou antwoord. (3)

**[30]**

## VRAAG 4

### *WOZA ALBERT!* – PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA AND BARNEY SIMON

4.1 Verduidelik die elemente van absurde teater gebruik in "*Woza Albert!*" (5 x 2) (10)

4.2 Lees die volgende uittreksel van "*Woza Albert*!" en beantwoord die vrae wat volg.

> **Scene Fifteen**
>
> *"Percy, wearing his pink nose and flash sunglasses, alights from the plane (box).*
>
> *MBONGENI (approaching him with a mimed microphone): Happy landings, sir.*
>
> *PERCY (flattered by this attention): Oh, thank you. Thank you.*
>
> *MBONGENI: Well sir, you've just landed from a jumbo jet!*
>
> *PERCY: Eh, yes.*
>
> *MBONGENI: Any comments, sir?*
>
> *PERCY: I beg your pardon?*
>
> *MBONGENI (arch interviewer): Would you not say that a jumbo jet is faster than a donkey, sir?*
>
> *PERCY: Eh, yes.*
>
> *MBONGENI: Aaahh. Now tell me, sit, where have you been all this time?*
>
> *PERCY: Around and about.*
>
> *MBONGENI: And how is it up there in the heavens?*
>
> *PERCY: Oh, it's very cool.*
>
> *MBONGENI: Cool! (Laughs artificially loud) So I'm to understand that you've been studying our slang, too!*

4.2.1 Beskryf die gebeure wat plaasvind in die uittreksel. (4)

4.2.2 Waarom is Percy soos wat hy is, aangetrek? (2)

42.3 Vergelyk die maniere van vervoer genoem in die uittreksel en analiseer die simboliek daaraan verbonde. (3 x 2) (6)

4.2.4 Verduidelik die verwarring wat geskep word deur die woord *"heavens"* (hemele). (6)

4.2.5 In die konteks van die drama vervang die woord *"cool"* met 'n gepaste woord met dieselfde betekenis. (2)

**[30]**

## VRAAG 5

### *SOPHIATOWN* – DIE JUNCTION LAAN TEATER GESELSKAP

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|---|---|---|
| MINGUS | : | Jakes! |
| JAKES | : | Mingus! |
| MINGUS | : | 'n Bla van 'n man! (*CATCHING Charlie's eye)* Charlie! |
| JAKES | : | Where've you been Mingus? Been making trouble again? |
| MINGUS | : | Jakes, I'm in love man. I've just been to a wonderful Funeral. |
| JAKES | : | A funeral? Is there a story there? |
| MINGUS | : | Ja, skryf daar, "I went so nobody could say I killed him." (*Charlie has crept up on Mingus and begins to shine his shoes while he is wearing them.)* Hey, Charlie – leave off– go and sleep in the car. We've a job tonight. I want you wide awake.<br>Hey Charlie – move! (*Charlie persists in trying to clean the shoes.)* Go on! (*Mingus pushes Charlie away.)* Jakes, ek wil 'n brief hệ – 'n letter van love. |

5.1 Die bendelede praat 'n mengsel van Afrikaans en Engels maar hulle het ook van die Amerikaanse "sleng" geleen. Wat is die taal genoem? (1)

5.2 Na die verwydering van die krotbuurte in die laat 1930's verskuif die fokus van die Afrika gemeenskap na Sophiatown en Alexandria. Bespreek hoe dié verskuiwing die musiek van die 1930's en 1940's beïnvloed het. (10)

5.3 Die kultuur van die krotbuurte van die 1920's en 1930's was bekend as marabi. Noem VYF verskillende aspekte van marabi. (5)

5.4 Beskryf hoe die Amerikaanse bendefilms bygedra het tot die gedrag, taal en kleredrag van die "tsotsi's" van Sophiatown. (3 x 2) (6)

5.5



*Die Junction Laan Teater geselskap produksie, 1986*

Verwys na die bostaande prent.

Elke karakter is duidelik gedefinieer deur sy/haar kostuum, liggaamshouding en gesigsuitdrukking.

5.5.1 Kies TWEE karakters uit die bogenoemde prent en noem hul name. (2)

5.5.2 Hoe definieer die kostuum, liggaamshouding en die gesigsuitdrukking die karakters? (3 x 2) (6)

**[30]**

## VRAAG 6

### *NOTHING BUT THE TRUTH* – JOHN KANI

6.1 Bespreek die oogmerke van *"Teater van Rekonsiliasie"* deur die temas/onderwerp en verhoudings in *"Nothing but the truth"* te ontleed.

Moet nie die storie vertel nie, bespreek en ONTLEED in ±80 – 100 woorde. (10)

6.2 As regisseur van die stuk wat sou die mees geskikste verhoog vir die opvoering wees? (1)

6.3 Gee VYF redes vir jou antwoord in VRAAG 6.2 en verwys na dekor en stel ontwerp. (5)

6.4 Kortliks beskryf hoe 'n akteur Emosionele Geheue en "The Magic IF" van Stanislavski se "Method Acting" kan gebruik om Sipho se karakter te ontwikkel. (2 + 3) (5)

6.5 Slegs na Sipho gedrink het, kry hy moed om die waarheid te praat oor sy broer en vrou. Hy is nie dronk nie, maar aangeklam.

Beskryf hoe die akteur wat die rol vertolk, toon en liggaamshouding sal gebruik om te wys dat die karakter wel gedrink het. (2 x 2) (4)

6.6 John Kani het *"Nothing But TheTruth"* meestervol geskep as 'n vorm van Teater vir Rekonsiliasie in Suid-Afrika. Die drama het te doen met die Waarheids-en Versoeningskommissie.

Wat verstaan jy is die **verskil** tussen amnestie en vergifnis? Tabuleer VYF verskille onder elke een. (5)

**[30]**

## VRAAG 7

### *SIENER IN DIE SUBURBS* – PG DU PLESSIS

Lees die onderstaande uittreksel uit die drama en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Tjokkie: "Wat vreet jou?', ' Hy gaan jou hel gee. Maar neuk op!', 'nou sit jy met die grootste tang …', 'Jou kans weggevoeter …', 'Vir wat moet hy die ding altyd so oprev …', 'Jy's low class. Waar's jou pa? Jy's 'n tang!', 'Hy gaan sy bearings neuk' ' … nog een van die bloedjies wat in hierdie plek moet vergaan', 'Hoe de duiwel moet ek 'n bosluis uit 'n hond se dinges loslieg?' |

7.1 Volgens die uittreksel beskryf die karaktereienskappe van Tjokkie in detail. (10)

7.2 Bespreek die verhouding tussen Ma en Giel in die drama. (5)

7.3 In die drama, is die karakters se taalgebruik beïnvloed deur hul sosiale agtergrond. Bespreek die invloed op taal van die volgende karakters:

7.3.1 Jakes (5)

7.3.2 Tiemie (5)

7.4 Watter verhoog tipe sou ideaal vir die drama wees? (1)

7.5 Noem VIER maniere hoe jy die akteur as regisseur met die vertolking van die rol Tjokkie sou help. (4)

**[30]**

## VRAAG 8

## *MIS* – REZA DE WET

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

*"MIEM: Gabriël, is 'n goeie naam. 'n Sagmoedige man. Edel van inbors. Uit 'n goeie familie! Hy was maar altyd …. 'n bietjie swartgallig! Maar wat is daarmee verkeerd? Maak dit hom 'n monster? O, ek weet wat die mense sê! Hulle sê hy is nie … lekker nie! (Baie boos) Skinderbekke! Kwaadstokers! En u glo hulle! Konstabel, ek dink u moet maar liewer gaan! U is nie langer hier welkom nie!*

*GERTIE: Jy bedoel dit tog nie, Miem?*

MIEM: Hou jou hier uit! Dit is my man wat so ... beswadder word!

*KONSTABEL: (staan op. Kwaad. Beweeg na die deur) Ek sal gaan, Mevrou. (Draai by die deur om en laat sy stok val) Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie.*

*MIEM: (nors) Nou sê jou sê.*

*KONSTABEL: (kwaad) Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind … of hier nog 'n deur is. Nog 'n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word … Iemand kan daar insluip … U man oorrompel … Afklim … en voor ons weet, is hy … of sy … tussen ons.*

*GERTIE: O, Vader!*

*MIEM: Konstabel … ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien … u dra tog ons belange op die hart. U moet my maar vergewe. Ek is 'n bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant. Konstabel, sal u tog nie maar bly nie? Ons sal dit waardeer.*

*GERTIE EN MEISIE: Asseblief, Konstabel.*

*Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.*

*MIEM: (oorvriendelik, na 'n stilte) Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek?*

*KONSTABEL: O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone.*

*MIEM: Werklik?*

*MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.*

*MIEM: (aan die KONSTABEL): So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel?*

*KONSTABEL: Ek kan miskien nie sien nie. Maar daarom word ek gebruik. As daar niks is om te sien nie. As iemand uit die oog verloor is.*

*GERTIE: Hoe wonderlik!*

*KONSTABEL: Want al kan jy iemand nie met die blote oog sien nie … is daar … ander sintuie … wat die werk kan doen.*

> *MIEM: Werklik interessant*
>
> *GERTIE: Vertel ons, Konstabel, hoe gaan u te werk?*
>
> *KONSTABEL: Nou ja … sien is glo. Dit is eintlik moeilik om te verduidelik.*
>
> *Kort Stilte*
>
> *MIEM: (oorvriendelik) Kom sit tog, asseblief, Konstabel."*

8.1 Gabriël is die naam van een van die aartsengele wat as 'n bode van God en ook as 'n bewaker van die paradys beskou word. Dink jy dit is enigsins insiggewend dat Miem se man se naam Gabriël is? (2)

8.2 Dink jy Miem se indruk van Gabriël as persoon is akkuraat? Verduidelik. (4)

8.3 Wanneer die konstabel hoor dat Gabriël permanent in die solder bly, is hy baie geïnteresseerd daarin of daar 'n solderdeur na buite is.

8.3.1 Hoe reageer Miem op sy vrae? (2)

8.3.2 Hoe verduidelik die konstabel sy belangstelling wanneer hy sien hoe Miem reageer? (2)

8.3.3 Om watter rede, dink jy, is die konstabel so geïnteresseerd daarin of daar 'n deur na buite is of nie? (2)

8.4 Bespreek die ironie in die vroue se versoek dat die konstabel daar moet bly. (2)

8.5 In hierdie uittreksel steek Meisie haar vinger vir die derde maal in die drama raak.

8.5.1 Watter sprokieskarakter se vinger is ook met 'n naald geprik? (1)

8.5.2 Noem TWEE ander ooreenkomste tussen Meisie en dié sprokieskarakter. (2)

8.5.3 Hoekom, dink jy, weier Meisie om 'n vingerhoed te dra? (2)

8.5.4 Is dit van enige betekenis dat Meisie haarself drie maal raaksteek? Verduidelik. (3)

8.6 Bespreek die manier waarop die verwysings na *"sien"* in hierdie uittreksel by die res van die drama aansluit. (3)

8.7 As regisseur gee notas aan jou akteurs om hulle te help om die rolle van Miem en Konstabel te vertolk. (5)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: WEND PERSOONLIKE BRONNE AAN EN REFLEKTEER EN EVALUEER

**DIE AFDELING IS VERPLIGTEND (60 PUNTE)**

**BEANTWOORD VRAE 9 EN 10, EN KIES EEN VAN DIE OPSIES IN VRAAG 11**

## VRAAG 9

**STEM**

9.1 Vul die blanko spasies in die onderstaande paragraaf deur die volgende woorde te gebruik.

Skryf slegs die letter (A – G) langs die syfer 1 – 7 neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Kaak | 2 | Neus |
| 3 | Harde palet | 4 | Tong |
| 5 | Lippe | 6 | Sagte palet |
| 7 | Wange | | |

Die mond is die belangrikste sensor in die liggaam. Die hooforgaan vir artikulasie is **A**. Die **B** vorm die mure van die resonator en die **C** en **D** werk saam om verskeie klanke te vorm.

Die tong is die vloer van die resonator en die plafon bestaan uit die **E** en die **F**, wat in die "uvula" eindig. Die klepvormige aksie van die sagte palet open en sluit die opening na die volgende resonator die **G.** (7)

9.2 Stem gesondheid is belangrik vir ons almal want ons gebruik ons stemme om te kommunikeer. Dit is veral belangrik vir drama studente en akteurs/ aktrises. Die stembande het vog en oefeninge nodig om effektief te funksioneer.

Bespreek in welke maniere die stem beskerm en verbeter kan word. Sluit voorbeelde van oefening in, so wel as dinge wat die stem kan beskadig.

(4 x 2) (8)

**[15]**

**VRAAG 10**

**BEWEGING**

Verwys na prente A en B wanneer die vraag beantwoord word.

**PRENT A**



’n UITDRUKKING VAN GENOT … ASTAIRE IN TOP KUIL
Foto: Nasionale Film Argief

10.1 Verduidelik TWEE fisieke en EEN stem opwarmingsoefeninge jy aan jou akteur sal gee om die beweging uit te voer. (Prent A) (6)

10.2 Wat is jou interpretasie van die karakter in Prent A? (4)

10.3 Beskryf VYF vaardighede wat 'n mimiek kunstenaar moet aanleer om hom/haarself uit te druk. (5)

**PRENT B**



SIR HON TRIMMER AS DON QUIXOTE
Foto: Maarten Hall

10.4 Skryf 'n kort storielyn om Prent B in konteks te plaas. (4)

10.5 Watter soort musiek/klank effekte sou jy gebruik om die gevoel van Prent B te versterk? (3 + 3) (6)

10.6 As jy die rolverdeling vir die karakters in A en B sou doen, verduidelik die vaardighede waarna jy in 'n oudisie sou kyk. (5)

**[30]**

## VRAAG 11

KIES **EEN** VAN DIE VOLGENDE VRAE

(11.1 **LEWENDIGE OPTREDE**; OF 11.2 **MEDIA STUDIES**; OF 11.3 **INHEEMSE / KULTURELE UITVOERINGS**)

11.1 **Lewendige Optrede**

Om te kan improviseer is belangrik vir enige optrede.

11.1.1 Waarom het ’n akteur/aktrise die vaardigheid nodig? (3 x 2) (6)

11.1.2 Wat beskou jy as improvisasie? (3)

11.1.3 Maak ’n lys van die vaardighede wat benodig word om ’n goeie improvisasie te kan doen. (6)
**[15]**

**OF**

11.2 **Media Studies**

11.2.1 Beskryf kortliks die storielyn van die film wat jy in jou 3 jaar van Dramatiese Kuns bestudeer het, (bv. *Tsotsi*). (8)

11.2.2 Tot watter genre behoort die film bespreek in VRAAG 11.2.1? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

11.2.3 Beskryf en analiseer die verhouding tussen die hoofkarakters. (4)
**[15]**

**OF**

11.3 **Inheemse/Kulturele Uitvoerings**



11.3.1 Dit word gesuggereer dat een van die oorspronge van drama *"rituele"* is, ook dat rituele en dramas baie dieselfde elemente het.

Wat is 'n ritueel? (3)

11.3.2 Kies 'n tradisionele ritueel wat nou nog in jou kultuur gedoen word, en verduidelik watter basiese teater elemente hierin geïnkorporeer word.

Noem die elemente en bespreek dit. (6 x 2) (12)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**